

Skrywer: Sakkie Parsons

LET US PRACTISE WHAT WE PREACH

Ek wil graag vandag met jou deel oor “practise what you preach.”

‘n Groot deel van my e-pos wat ek uitstuur, is te danke aan vroe wat mede-gelowiges aan my stuur.

Nou is dit so dat daar mense is wat van my verskil en in die meeste gevalle is hul pos aan my baie mooi en soos ‘n Christen behoort te reageer as hy/sy nie saamstem met dit wat ek skryf nie.

Ek het egter al pos ontvang waarin ek beledig was en waarin daar selfs vloekwoorde in voorgekom het.

Dit wat ek geantwoord het oor hoe ek my naaste, die Sabbat en die gee van tiendes sien, het van die meeste reaksie tot nou toe uitgelok.

Iemand het selfs voorgestel dat ek die Ou Testament uit my Bybel skeur en toe verder gegaan en as’t ware geprofeteer van nog ‘n paar valshede wat ek gaan verkondig.

Nou wil ek tog net weer verduidelik, oor hoe ek die Wet sien. Volgens wat ek in die Woord lees, is ek skuldig aan die oortreding van die hele Wet as ek net een deel van die Wet nie nakom nie:

JAK 2:10 „Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, **het aan almal skuldig geword.**

JAK 2:11 Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy ‘n oortreder van die wet geword.

JAK 2:12 Julle moet so spreek en so doen **soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word.**

JAK 2:13 **Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie;** en die barmhartigheid roem teen die oordeel.“

Nou is ek nie besny nie en ek wonder maar net of diegene wat my so trap, besny is. Want, moet nie ‘n fout maak nie, die besnydenis is deel van die ou Testamentiese wet en as iemand nie saam met my stem nie, dan stem die iemand ook nie saam met Paulus, vir wie ons Here met die grootste deel van die Nuwe Testament vertrou het nie:

GAL 5:3 „En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, **dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou.**

GAL 5:4 **Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval.“**

Diegene wat my oor die Sabbat en tiende trap, wat nie besny is of 'n tiende van alles in hul lewens gee nie, en nie net van hul geld nie, en ook nie 'n tiende na aftrekkings nie, wat met ander woorde die wet nie hou nie, moet by dit alles ook nog onthou:

ROM 2:1 „Daarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging; want waarin jy 'n ander oordeel, veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge.“

MAT 7:2 „Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.“

Nou goed, vra iemand, hoe sien jy die wet?

Laat ek weer verduidelik hoe ek dit verstaan.

Jesus het die wet vervul:

MAT 5:17 „Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, **maar om te vervul.**“

Hoe het Hy die wet vervul? Hy het die streng tugmeester verander in heerlike Goddelike liefde:

GAL 3:23 “Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word.

GAL 3:24 **Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe**, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.“

Hoe lyk hierdie wonderlike liefdeswet van Jesus, wat ek nou deur die geloof in Hom, myne gemaak het:

MAT 22:36 „Meester, wat is die groot gebod in die wet?

MAT 22:37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.

MAT 22:38 Dit is die eerste en groot gebod.

MAT 22:39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

MAT 22:40 **Aan hierdie twee gebooi hang die hele wet en die profete.**“

Nou is dit nie meer 'n tugmeester wat my dwing nie! O nee! Nou is dit liefde, liefde en nogmaals liefde :

ROM 13:9 ”Want dít: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, **en watter ander gebod ook al**, word in hierdie woord saamgevat: ***Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.***

ROM 13:10 Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; **daarom is die liefde die vervulling van die wet.**“

Ja! Prys die Here! Nou is daar nie meer 'n tugmeester nie maar 'n nuwe liefdesgebod:

JHN 13:34 „*n Nuwe gebod gee Ek julle*, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.

JHN 13:35 Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.”

Nou kyk ek met ander oë na dinge om my:

ROM 14:5 „Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.“

2KOR 9:7 „Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief.“

Onthou tog dat ek nie mense veroordeel wat die Sabbat en/of tiendes, nie sien soos ek dit sien nie, maar gun my en diegene wat met die vryheid wat Christus ons gegee het, om ons Christelikheid uit te lewe met die vryheid wat ek nou uit **ROM 14:5** en **2KOR 9:7** gewys het, uit te lewe.

So, hoe ek ook al my Christelikheid verstaan: “I must practise what I Preach.”

As iemand wat hierdie e-pos lees, wil weet wat ek onder andere oor die Sabbat en tiende geskryf het, waaroor ek getrap was, vra my net en ek stuur dit met die grootste liefde vir jou. As jy dan dit vir iemand anders ook aanstuur, sal ek baie dankbaar wees om so saam met jou vir ons Here te werk.

1KOR 13:13 „*En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.*“

Groete,
Sakkie

E-pos: bediening@sakkieparsons.co.za

Webtuiste: www.sakkieparsons.co.za

Sel: 083 457 6669

Judas 1:24-25 „*Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor Sy heerlijkheid te stel met gejuig, aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlijkheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen.*”

Indien u hierdie e-pos lees en wel gereëde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle e-pos adres in die “subject box” na: bediening@sakkieparsons.co.za

Moet asseblief nie ‘n leë e-pos stuur nie.

Aangesien ek blind is en gebruik maak van ‘n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit ‘n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.P